# DIE STORIE VAN ‘n OSSEWA EN SY MENSE



Dr Wilhelm Bernhardt

2014/09/28

# DIE STORIE VAN ‘n OSSEWA EN SY MENSE

Die geskiedenis van die ossewa wat gedurende 2014 deur die skrywer hiervan aan Mnr Deon Beneke van Phillipolis verkoop is, is ten nouste ineengevleg met die wel en weë van die Venter familie van die plaas Elandshoek in die Machadodorp distrik.

Die Venters het in die vroeë 1870s vanaf die Vrystaat na die destydse ZAR getrek, waarin die familie sedert die Voortrekkertyd op die plaas Varkensvlei in die Vrede distrik gewoon het. Ossewaens het dus sedert die vroegste tye ‘n kritieke rol in hierdie familie se wel en weë gespeel. Die Venter kinders het mettertyd hulle eie potjies begin krap, en die seuns het geleidelik gevestig geraak op hulle eie plase in die Machadodorp distrik. Dit is dan ook op hierdie punt hier waar die spesifieke wa wat tans in besit van Deon Beneke is se verhaal begin.

Hierdie wa het behoort aan Jacobus Stephanus Johannes Du Toit Venter (“Oom Jaap”), gebore 1892/10/20, oorlede 1966/10/15, No 2 op die foto hieronder). Hy was een van die seuns van Stephanus Albertus Venter (1856 – 1930 – Oupa Fanie) en diè se tweede vrou, Cornelia Martha Maria (1871 – 1966, Ouma Nelie, middel, voorste ry). Oom Jaap was getroud met Bathoni Eliada van der Merwe (“Tant Ada”). Oom Jaap se jonger broer (en die skrywer se oupa), Willem Frederik Venter (waarna verderaan verwys sal word) is no 1 op die onderstaande foto.



Alhoewel dit nie presies bekend is op watter tydstip oom Jaap Venter sy wa aangeskaf het nie, moes dit na skatting plaasgevind het in die laat 1920s of vroeë 1930s. Volgens alle aanduidings het hy die wa nuut, of baie na aan nuut gekoop. Presies waar hy egter die wa aangeskaf het kon tot dusver nie vasgestel word nie.

Die bekendste wamaker in die Machadodorp omgewing was egter in daardie tyd op Lydenburg, in die vorm van die Koeleman Smid-en-Wamakery, wat vanaf die 1890's tot in die 1940's bestaan het. Die moontlikheid dat hierdie derhalwe 'n Koeleman-wa is kan daarom nie uitgesluit word nie, alhoewel verdere navorsing nodig sal wees om dit finaal te bevestig.



Bo: 'n Foto van die Koeleman Smid-en-Wamakery op Lydenburg (*Bron: Highlands Panorama, 26 April 2012*).

Hoe dit ookal sy, volgens die herinneringe van oom Jaap Venter se seun, Jacob Stephanus Johannes Du Toit Venter ("oom Toit"), soos opgeteken in 2014, was sy pa erg trots op sy wa, en het hy regdeur sy lewe geen moeite ontsien om dit in 'n goeie toestand te hou nie.

Oom Jaap Venter en sy jonger broer, Willem Frederik Venter (1910 – 2002 – die skrywer hiervan se oupa aan moederskant, alom bekend as oupa Willem), het gedurende die 1930s van die familieboerdery op Elandshoek weggebreek en hulle gaan vestig op twee naasliggende plase (beide genaamd Rietfontein) in die Machadodorp distrik. Hier het hulle in 'n losse vennootskap saam geboer, hoofsaaklik met skape en 'n paar beeste.

.

Die Machadodorp gebied was by uitstek daarvoor geskik om met wolmerinos te boer. In hierdie verband is oom Jaap se wa, tesame met ‘n wa wat oupa Willem by sy ma (ouma Nelie) geleen het (tans nog in besit van die familie), gebruik om wol vanaf Rietfontein aan te ry na die stasie op Machadodorp. Die fotos hieronder is dan ook juis geneem tydens een so geleentheid.





Die Venter broers (Jaap en Willem) het egter ook transport gery om hulle inkomste aan te vul. In hierdie konteks het oom Jaap se wa dikwels diens gedoen om mynbou masjiene en ander voorrade na die goudmyne te Slaaihoek aan te ry. ‘n Mens kan aanvaar dat die beginpunt vir sulke reise na Slaaihoek waarskynlik dikwels die stasie te Machadodorp was. In ander gevalle het die broers steenkool op Belfast gaan oplaai en dit vandaar na die myne en ander ontvangers in die Machadodorp gebied gebring. ‘n Tipiese transporttog in hierdie wêreld het ongeveer drie dae geduur, afhangend van die vrag se gewig, die toestand van die osse en natuurlik die weersomstandighede.

‘n Swaargelaaide wa kon maklik gedurende die reenseisoen dae lank in die modder vassit. Wanneer die vrag baie swaar was moes daar ook vars spanne osse van die huis gehaal word om dié wat moeg geword het, te vervang. Die paaie was natuurlik ook nie van die beste nie en die broers moes dikwels self veral die waens se wiele en disselbome langs die pad herstel.

Benewens wol- en transport ry is die ossewa ook gebruik tydens die Venters se jaarlikse verhuising vanaf die Hoëveld na die Laeveld tydens die wintermaande. Die foto hieronder en die een op die volgende bladsy – wat waarskynlik geneem is tydens die 1930s of 40s - getuig van een so ‘n reis.

Elke jaar as die herfs aanbreek het die Venters hulle vee en families bymekaar gemaak en met ‘n gevestigde trekpad oor die berge van die eskarp afgetrek Laeveld toe. Hierdie trek is nog tot in die vroeë 1980s deur die skrywer hiervan se oupa Willem en enkele van sy broers onderneem – uiteraard toe nie meer met ossewaens nie! Terloops, die rivier wat op die fotos verskyn is die Elandsrivier.





Die lewenswyse wat met ‘n ossewa gepaard gegaan het was rustig, en daar was nog tyd om uit te span en koffie te maak. Die foto hieronder wys so ‘n uitspanning. Een van die waens op die foto is bes moontlik oom Jaap se wa, alhoewel dié feit nie bó alle twyfel bevestig kon word nie.



Uiteraard het oom Jaap se wa, soos die ander waens van sy tyd, by verskeie geleenthede ook diens gedoen as nagmaal wa. Die twee fotos hieronder wys hoe kerkplein van Machadodorp gelyk het tydens nagmaal by die NG Kerk op dié dorp in 1935.





Alle goeie dinge kom egter tot ‘n einde. In ‘n steeds krimpende wêreld was daar naderhand nie meer plek vir die ossewa nie. Alhoewel die Venter broers nog tot diep in die 1940s van hulle waens gebruik gemaak het, moes ook hulle mettertyd diè getroue ou strydrosse hulle aftrede gun. Oom Jaap se wa het nog tot in die 1990s op sy seun, Toit Venter, se plaas gestaan, waar dit deur die skrywer hiervan gekoop is en uitgestal is op die familieplaas Rietfontein. Dit was in die skrywer se besit tot in 2014, toe dit verkoop moes word namate die veiligheidsituasie die voortgesette besit van dié plaas onnmoontlik gemaak het. Die huidige eienaar, Mnr Deon Beneke, is dus na alle waarskynlikheid slegs die derde eienaar – en oppasser - van hierdie wa.